FREE STATE PROVINCE

PROVINCIAL GAZETTE

PROVINSIALE KOERANT

PROVINSIE VRYSTAAT

Published by Authority *Uitgegee op Gesag*

No. 78

BLOEMFONTEIN, 16 OCTOBER 2009

BLOEMFONTEIN, 16 OKTOBER 2009

OFFICE OF THE PREMIER	KANTOOR VAN DIE PREMIER
No. 7 16 October 2009	No. 7 16 Oktober 2009
It is hereby notified that the Premier has assented to the following Act which is hereby published for general information:-	Hierby word bekend gemaak dat die Premier die onderstaande Wet bekragtig het, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:-
No. 7 of 2009 : Powers, Privileges and Immunities of the Free State Provincial Legislature Act, 2009	**No. 7 van 2009 : Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Vrystaatse Provinsiale Wetgewer, 2009**

ACT

To define and declare certain powers, privileges and immunities of the Provincial Legislature and members of the Provincial Legislature; to repeal certain obsolete legislation; and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the Provincial Legislature of the Free State, as follows:-

(English text assented to and signed by the Premier.)

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise -

"**committee**" means a committee or subcommittee consisting of members and established by the standing rules or in terms of the standing rules or legislation;

"**House**" means the legislature meeting in a plenary sitting;

"**member**" means a woman or a man elected as a member of the Provincial Legislature in terms of section 105 of the Constitution;

"**Free State Provincial Legislature**" means the legislature referred to in section 104 of the Constitution;

"**Secretary**" means the Secretary to the Provincial Legislature;

"**sitting**" means the period when the House meets in plenary;

"**Speaker**" means the Speaker of the Provincial Legislature;

"**standing rules**" means the rules made by the Provincial Legislature;

"**the Constitution**" means the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.

Summonsing of witnesses

2. (1) A committee may -

(a) summons any person to appear before it to give evidence on oath or affirmation, or to produce documents; or

(b) require any person or provincial institution to report to it.

WET

Om sekere bevoegdhede, voorregte en immuniteite van die Provinsiale Wetgewer en lede van die Provinsiale Wetgewer te omskryf en te verklaar; om sekere uitgediende wetgewing te herroep; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Vrystaat, soos volg:-

(Engelse teks deur die Premier bekragtig en geteken.)

Definisies

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"**komitee**" 'n komitee of subkomitee bestaande uit lede en gestig deur die staande reëls of ingevolge die staande reëls of wetgewing;

"**Huis**" die wetgewer wat by 'n volle sitting byeen is;

"**lid**" 'n vrou of 'n man wat ingevolge artikel 105 van die Grondwet as lid van die Provinsiale Wetgewer verkies is;

"**Vrystaatse Provinsiale Wetgewer**" die wetgewer waarna artikel 104 van die Grondwet verwys;

"**Sekretaris**" die Sekretaris van die Provinsiale Wetgewer;

"**sitting**" die tydperk waartydens die Huis in sy volheid vergader;

"**Speaker**" die Speaker van die Provinsiale Wetgewer;

"**staande reëls**" die reëls wat deur die Provinsiale Wetgewer gemaak is;

"**die Grondwet**" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Dagvaarding van getuies

2. (1) 'n Komitee kan -

(a) enige persoon dagvaar om voor hom te verskyn om onder eed of plegtige verklaring getuienis af te lê, of om dokumente voor te lê; of

(b) van enige persoon of provinsiale instelling vereis om aan hom verslag te doen.

(2) A summons in terms of subsection (1) or section 115(a) of the Constitution, to appear before the House or committee to give evidence or to produce documents must be issued by the Secretary on the instructions of -

(a) the Speaker; or

(b) the chairperson of the committee concerned, acting in accordance with a resolution of the committee and with the concurrence of the Speaker.

(3) The summons must state -

(a) the name of the person summonsed;

(b) the name or designation of the person who must serve the summons;

(c) the time, place and venue at which the person summonsed is required to appear;

(d) the subject of the enquiry;

(e) the purpose for which the evidence of that person is required; and

(f) a description of the document, if any, which that person is required to produce.

(4) The summons must be served by the sheriff, or by a person designated by the Secretary, by delivering a copy of the summons -

(a) to the person mentioned in the summons; or

(b) at that person's usual or last known place of residence or of employment or business, to a person apparently over the age of 18 years and apparently residing or employed there.

(5) A return by the person who served the summons that service thereof has been effected in accordance with subsection (4) is prima facie proof of that service.

(6) A person summonsed in terms of this section or requested by the House or committee to attend a meeting of the House or committee, is entitled to be paid an amount for his or her expenses, as approved by the Speaker in accordance with the standing rules.

(2) 'n Dagvaarding ingevolge subartikel (1), of artikel 115(a) van die Grondwet, om voor 'n Huis of komitee te verskyn om getuienis af te lê of om dokumente voor te lê, moet deur die Sekretaris uitgereik word in opdrag van -

(a) die Speaker; of

(b) die voorsitter van die betrokke komitee, wat moet optree ooreenkomstig 'n besluit van die komitee en met die instemming van die Speaker.

(3) Die volgende moet in die dagvaarding verstrek word, naamlik -

(a) die naam van die persoon wat gedagvaar word;

(b) die naam of ampsbenaming van die persoon wat die dagvaarding moet beteken;

(c) die tyd, plek en lokaal waar die gedagvaarde persoon moet verskyn;

(d) die onderwerp van die ondersoek;

(e) die doel waarvoor die getuienis van daardie persoon vereis word; en

(f) 'n beskrywing van die dokument, as daar is, wat die persoon moet voorlê.

(4) Die dagvaarding moet beteken word deur die balju, of deur 'n persoon wat deur die Sekretaris aangewys is, deur 'n afskrif van die dagvaarding te oorhandig -

(a) aan die persoon in die dagvaarding vermeld; of

(b) by daardie persoon se gewone of laaste bekende woonplek of werkplek of besigheidsplek, aan iemand wat klaarblyklik ouer as 18 jaar is en klaarblyklik daar woon of werk.

(5) 'n Relaas deur die persoon wat die dagvaarding beteken het dat die betekening daarvan ooreenkomstig subartikel (4) gedoen is, is prima facie bewys dat dit aldus beteken is.

(6) Iemand wat ingevolge hierdie artikel gedagvaar word of wat deur 'n Huis of komitee versoek word om 'n vergadering van die Huis of komitee by te woon, is geregtig op betaling van 'n bedrag vir sy of haar koste, soos deur die Speaker ooreenkomstig die staande reëls goedgekeur.

Examination of witnesses

3. When the House or committee requires that anything be verified or otherwise ascertained by the oral examination of a witness, the person presiding at the enquiry may -

(a) call upon and administer an oath to, or accept an affirmation from, any person present at the enquiry who was or could have been summoned in terms of section 2; and

(b) examine that person, or request the person to produce any document in the person's possession or custody or under his or her control which may have a bearing on the subject of the enquiry, subject to any limitation provided for in the standing rules with regard to the type of subject matter about which a witness may be questioned or the type of document that a witness may be requested to produce.

Privilege of witnesses

4. (1) Subject to subsection (2), the law regarding privilege as applicable to a witness summonsed to give evidence or to produce a document before the High Court of South Africa applies to the examination of a person in terms of section 3.

(2) A person who is being examined under oath or affirmation in terms of section 3 may be required to answer any question put to him or her in connection with the subject of the enquiry, and to produce any document that he or she is requested to produce under that section, despite the fact that the answer or the document would incriminate him or her or would tend to expose him or her to criminal or civil proceedings, or damages.

(3) Evidence given under oath or affirmation by a person before the House or committee may not be used against that person in any court or place outside the Provincial Legislature, except in a charge contemplated in section 5(1)(c) or 5(2)(d) or (e).

Offences relating to witnesses

5. (1) A person who -

(a) has been duly summonsed in terms of section 2 and who fails, without sufficient cause -

(i) to attend at the time and place specified in the summons; or

Ondervraging van getuies

3. Wanneer 'n Huis of komitee vereis dat enigiets deur die mondelinge ondervraging van 'n getuie bevestig of andersins vasgestel word, kan die voorsittende beampte by die ondersoek -

(a) die eed oplê aan, of 'n plegtige verklaring aanvaar van, enigiemand wat by die ondersoek aanwesig is en wat ingevolge artikel 2 gedagvaar is of kon word; en

(b) daardie persoon ondervra, of versoek dat die persoon enige dokument voorlê wat in die persoon se besit of onder sy of haar sorg of beheer is en wat moontlik verband kan hou met die onderwerp van die ondersoek, behoudens enige beperking bepaal in die staande reëls aangaande die soort aangeleentheid waaroor 'n getuie ondervra kan word of die soort dokument wat 'n getuie versoek kan word om voor te lê.

Privilegie van getuies

4. (1) Behoudens subartikel (2) is die reg met betrekking tot privilegie soos toepaslik op 'n getuie wat gedagvaar is om getuienis af te lê voor of om 'n dokument voor te lê aan die Hoë Hof van Suid-Afrika van toepassing op die ondervraging van 'n getuie ingevolge artikel 3.

(2) Daar kan van 'n persoon wat ingevolge artikel 3 onder eed of bevestiging ondervra word, vereis word om enige vraag wat in verband met die onderwerp van die ondersoek aan hom of haar gestel word te beantwoord, en om enige dokument voor te lê wat hy of sy versoek word om voor te lê, ondanks die feit dat die antwoord of die dokument hom of haar sou inkrimineer of hom of haar moontlik sou blootstel aan strafregtelike of siviele verrigtinge of skadevergoeding.

(3) Getuienis wat 'n persoon onder eed of bevestiging voor 'n Huis of komitee afgelê het, mag nie teen daardie persoon gebruik word in enige hof of plek buite die Parlement nie, behalwe in strafregtelike verrigtinge waar die betrokke persoon teregstaan op 'n aanklag van meineed of 'n aanklag beoog in artikel 5(1)(c) of 5(2)(d) of (e).

Misdrywe met betrekking tot getuies

5. (1) Iemand wat -

(a) behoorlik gedagvaar is ingevolge artikel 2 en wat, sonder voldoende rede, versuim -

(i) om te verskyn op die tyd en plek in die dagvaarding bepaal; of

(ii) to remain in attendance until excused from further attendance by the person presiding at the enquiry;

(b) when called upon under section 3(a), refuses to be sworn in or to make an affirmation as a witness; or

(c) fails, without sufficient cause -

(i) to answer fully and satisfactorily all questions lawfully put to him or her under section 3(b); or

(ii) to produce any document in his or her possession or custody or under his or her control which he or she has been required to produce under section 3(b),

commits an offence and is liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 12 months or to both the fine and the imprisonment.

(2) A person who -

(a) threatens or obstructs another person in respect of evidence to be given before the House or committee;

(b) induces another person-

(i) to refrain from giving evidence to or producing a document before the House or committee; or

(ii) to give false evidence before the House or committee;

(c) assaults or penalizes or threatens another person, or deprives that person of any benefit, on account of the giving or proposed giving of evidence before a House or committee;

(d) with intent to deceive the House or committee, produces to the House or committee any false, untrue, fabricated or falsified document; or

(e) whether or not during examination under section 3, willfully furnishes the House or committee with information, or makes a statement before it, which is false or misleading,

commits an offence and is liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both the fine and imprisonment.

(ii) om teenwoordig te bly totdat hy of sy deur die persoon wat by die ondersoek voorsit van verdere bywoning onthef word;

(b) kragtens artikel 3(a) opgeroep is en wat weier om as getuie beëdig te word of 'n bevestiging te doen; of

(c) sonder voldoende gronde in gebreke bly -

(i) om alle vrae wat wettig aan hom of haar kragtens artikel 3(b) gestel word, volledig en bevredigend te beantwoord; of

(ii) om enige dokument in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer voor te lê wat hy of sy kragtens artikel 3(b) vereis is om voor te lê,

is aan 'n misdryf skuldig en is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met beide die boete en gevangenisstraf.

(2) Iemand wat-

(a) 'n ander persoon dreig of verhinder ten opsigte van getuienis wat voor die Huis of komitee afgelê moet word;

(b) 'n ander persoon oorreed-

(i) om in gebreke te bly om getuienis af te lê of 'n dokument aan die Huis of komitee voor te lê; of

(ii) om vals getuienis voor die Huis of komitee af te lê;

(c) 'n ander persoon aanrand of benadeel of dreig, of daardie persoon van enige voordeel ontneem weens die aflê of voorgenome aflê van getuienis voor die Huis of komitee;

(d) met die opset om die Huis of komitee te bedrieg, enige valse, onware, verdigte of vervalste dokument aan die Huis of komitee voorlê; of

(e) hetsy tydens ondervraging kragtens artikel 3 of nie, opsetlik inligting aan die Huis of komitee verstrek of 'n verklaring daaroor doen wat vals of misleidend is,

is aan 'n misdryf skuldig en is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met beide die boete en gevangenisstraf.

(3) Subject to section 13(b) of the Powers, Privileges and Immunities of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2004 (Act No. 4 of 2004), subsections (1) and (2) do not apply to a member.

Repeal of laws

6. The laws mentioned in the Schedule are repealed to the extent specified in the third column.

Short title

7. This Act is called the Powers, Privileges and Immunities of the Free State Provincial Legislature Act, 2009.

(3) Ooreenkomstig artikel 13(b) van die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2004 (Wet No. 4 van 2004), is subartikel (1) en (2) nie op 'n lid van toepassing nie.

Herroeping van wette

6. Die wette gelys in die Bylae word herroep in die mate uiteengesit in die derde kolom.

Kort titel

7. Hierdie Wet heet die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Vrystaatse Provinsiale Wetgewer, 2009.

SCHEDULE

LAWS REPEALED

(Section 6)

No. and year of law	Short title	Extend of repeal
Act No. 3 of 1996	Powers, Privileges and Immunities of the Provincial Legislature Act, 1996	The whole
Act No. 7 of 1996	Powers, Privileges and Immunities of the Provincial Legislature Amendment Act, 1996	The whole

BYLAE

WETTE WAT HERROEP IS

(Artikel 6)

Nommer en jaar van Wet	Kort titel van Wet	Omvang van herroeping
Wet No. 3 van 1996	Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Provinsiale Wetgewer, 1996	Die geheel
Wet No. 7 van 1996	Wysigingswet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Provinsiale Wetgewer, 1996	Die geheel